



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NSS 2019
'MEO' 2019
SS-KANDIDATE**

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

NOVEMBER 2020

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

1.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SELFMOORD IN SUID-AFRIKA

Een selfmoord word elke uur in Suid-Afrika aangemeld, en alhoewel dit 'n ernstige probleem is, is geen omvattende nasionale selfmoordvoorkomingstrategieë ingestel nie. Statistiek vanaf die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) toon dat daar elke jaar 800 000 mense as gevolg van selfmoord sterf en dat dit die tweede grootste oorsaak van sterftes van mense in die ouderdomsgroep 15 tot 29 jaar in die wêreld se bevolking is.

[Aangepas uit <https://www.capetownnetc.com>]

- 1.1.1 Gee VYF moontlike redes waarom selfmoord meer algemeen in die ouderdomsgroep 15 tot 29 jaar voorkom. (10)
- 1.1.2 Met verwysing na die relevante leringe van enige EEN godsdienst wat jy bestudeer het, skryf die raad neer wat jy sou gee om te voorkom dat 'n persoon selfmoord pleeg. (12)
- 1.2 Beantwoord die volgende vrae met verwysing na enige EEN godsdienst wat jy bestudeer het.
- 1.2.1 Verduidelik die aard van godheid. (10)
- 1.2.2 Bespreek hoe jou geloof oor die hiernamaals jou lewe op aarde beïnvloed. (12)
- 1.3 Verduidelik kortliks die volgende hermeneutiese beginsels:
- 1.3.1 Grammatika en historiese konteks (2)
- 1.3.2 Plan, doel en konteks (2)
- 1.3.3 Betekenis van woorde (2)
- [50]**

VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Christenskap is 'n monoteïstiese tradisie wat beteken dat daar 'n gedeelde geloof in 'n enkele skepper-God is. Christenskap bestaan egter uit baie verskillende gelowe en kan in drie hoofvertakkings ingedeel word.

[Aangepas uit *Focus on Religion Studies Grade 12*]

- 2.1 Kies enige TWEE vertakkings van enige EEN godsdienst en bespreek hulle interne verskille onder die volgende opskrifte:
- 2.1.1 Praktyke (14)
- 2.1.2 Leringe (10)
- 2.2 Gee TWEE redes waarom die Bahá'i-geloof nie groot onderafdelings het nie. (4)
- 2.3 Kies enige EEN godsdienst en bespreek die oorsprong en die ontwikkeling van hulle heilige teks. (14)
- 2.4 Dink jy heilige boeke is belangriker as mondelinge tradisie? Gee redes vir jou antwoord. (8)
- [50]**

VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Konflik is 'n lewenswerklikheid. Godsdienst was soms 'n deel van 'n probleem, maar die werklike bedoeling van godsdienst was nog altyd om konflik te voorkom as dit nog nie ontstaan het nie, en om dit op te los as dit het.

[Aangepas uit *Religion Studies Grade 12, Steyn, et al.*]

- 3.1 Noem EEN moontlike gewapende godsdienstige konflik enige plek in die wêreld en verduidelik die historiese ontwikkeling daarvan. (18)
- 3.2 Tot watter mate is/was godsdienst deel van die probleem? (10)
- 3.3 Wat is die huidige situasie met betrekking tot die konflik wat jy geïdentifiseer het? (12)
- 3.4 Watter rol kan godsdienstorganisasies speel in 'n poging om hierdie konflik op te los? (10)
- [50]**

VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Sommige mense stel eenvoudig nie in godsdiens belang nie, net soos party mense nie in sport of politiek belangstel nie. Wanneer dit tyd word om sensusvorms te voltooi, skryf hulle eenvoudig 'geen' onder die inskrywing vir godsdiens neer. In hulle daaglikse lewens is hulle bereid om godsdiens te ignoreer. Ons kan hierdie mense passief sekulêr noem. Hulle vorm waarskynlik die meerderheid van nie-godsdienstige mense.

[Aangepas uit *Religion Studies Grade 12, Steyn, et al.*]

- 4.1.1 Bespreek die faktore wat tot die ontwikkeling van Westerse sekulêre denke gelei het. (12)
- 4.1.2 Hoe het die stigting van sekulêre state tot die voorkoming van godsdiensoorloë gelei? (12)
- 4.1.3 Bespreek die konsep van *Sekularisme* as 'n wêreldbeskouing. (10)
- 4.2 Skryf VIER feite neer oor enige TWEE van die sekulêre wêreldbeskouings wat hieronder genoem word:
- Ateïsme
 - Agnostisisme
 - Sekulêre humanisme
 - Materialisme
- (16)
[50]

VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'Waar kom die mensdom vandaan?'

Dit is 'n vraag wat deur alle beskawings gevra word, beide antiek en modern.

- 5.1.1 Gee die wetenskaplike antwoord op die vraag hierbo. (16)
- 5.1.2 'Waar kom die mensdom vandaan?'
- Beantwoord hierdie vraag met verwysing na die oortuigings van enige TWEE van die volgende godsdienste:
- Christenskap
 - Taoïsme
 - Hindoeïsme
- (24)
- 5.2 Bespreek kortliks die Oerknalteorie. (10)
[50]

TOTAAL: 150